



RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD



UIT DIE HOOF SE KANTOOR:


Groete aan al die Rynies!!

*Mnr. Wally
Janse van
Rensburg*



Ons is volstoom aan die gang met kwartaal 3 van 2025 en na hierdie week is daar 8 weke van die kwartaal oor. Die eerste geskeduleerde toetse vir die Gr 4-7 leerders vind in die week van 25-29 Augustus plaas.

Sien Nuusbriëf 23 van 2025 met die kwartaalprogram en toetsdatums op.



Jou kinders behoort aan die Here



Vandag se mens wil besit. Vandag se mens wil in beheer wees. So is byvoorbeeld eiendom en aardse besittings vir baie mense baie belangrik. Talle mense is geweldig gesteld op wat hulle het, en vir baie is dit omtrent 'n obsessie. Grondhervorming is vandag een van die belangrikste woorde en konsepte wêreldwyd. Dis noodsaaklik om 'n huis te besit, en motors, fietse, klere, meubels en so meer, is ook belangrike besittings. Hierdie obsessie raak soms so erg dat baie mense ook van ander mense probeer besit neem. As mens sommige ouers stip dophou, lyk dit dikwels of hulle kinders ook deel van hulle besittings is.



RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD



Kinders word soos robotte hanteer en soos pionne op 'n skaakbord rondgeskuif. Soos wafferse soldate word kinders deur die lewe gerig en die meeste van die tyd aan die hand van verkeerde waardes gedruk en gedryf om te presteer en die heel beste te wees. Pa en Ma se status en posisie is op die spel! Kinders word beskou as een of ander meubelstuk wat blink gepoleer moet word sodat dit spoggerig lyk vir almal wat daarna kyk. Uiteraard moet die eienaar van die “besitting” dan gekomplimenteer word. Dit is mos so dat wat jy besit baie keer wys hoe spoggerig en oulik jy is. Dis asof 'n stuk identiteit vir baie mense gaan lê in dit wat hulle besit en kan vertoon.

Elke ouer moet opnuut besef dat 'n kind 'n geskenk van God is. Jy moet besef dat jou kinders deur God aan jou toevertrou word en dat Hy jou aangestel het om hulle in sy weë op te voed en groot te maak. Jou kinders is dus uiteindelik God se kinders en behoort in die heel eerste plek aan Hom. Ouerskap is daarom 'n enorme verantwoordelikheid en jy moet aan God rekenskap gee omdat jy as ouer met sy kosbaarste besittings werk.

God wil hê jou kind se geestelike potensiaal moet raakgesien en ontwikkel word. God wil hê jou kind moet 'n belangrike en groot rol speel om ander mense te dien en in hulle te investeer. Jou kind se lewe gaan oor baie meer as prestasie wat 'n ouer se selfbeeld voed en laat goed voel oor hom/haarself. Die lewe is baie dieper en breër as net goed doen in toetse en presteer op die sportveld. Volg dus Sy raad en Sy instruksies om 'n suksesvolle ouer te wees. Gee jou kinders terug vir die Here en volg Sy plan vir hulle lewe. Hy wil hê jou kind moet Sy Koninkryk laat kom. Hy wil hê jou kind moet 'n sinvolle en waardevolle bydrae kan maak om die wêreld 'n beter plek vir almal te maak.

“Om hierdie seun het ek gebid, en die Here het aan my gegee wat ek van Hom afgesmeek het. Ja, van die Here het ek hierdie kind afgesmeek, en nou sal hy sy lewe lank iemand wees wat van die Here afgesmeek is.” – 1 Samuel 1:27–28

Geskryf deur Johan Smith



RYNIENUUS

LAERSKOO RYNFIELD



RYNIES PRESTEER:

Lex Esterhuizen in graad 6 het die afgelope naweek, 2 Augustus deelgeneem aan die Johnny Reitz toernooi vir stoei. Hierdie is die grootste toernooi op die Afrika kontinent. Hy het 2de plek behaal vir die o/13 presidente.



Ruben van Rooyen in graad 5 en Franco van Rooyen graad 3 het ook die afgelope naweek Ruben het 2 goue medaljes verower in Vrystel en President Skole. Franco het 'n 2de plek behaal vir Vrystel en het 'n silwer medalje verower.



Liané Müller in graad 3 het die afgelope naweek aan die Ekurhuleni Acro Gymnastics kampioenskappe deelgeneem waar sy goud en silwer in haar 2 onderskeie items verower het.

Sy het ook haar Ekurhuleni kleure verwerf en neem oor 2 weke deel aan die Gauteng Acro Gymnastics kampioenskappe. Ons is baie trots op haar en wens haar sterkte toe vir Gauteng!

LAERSKOO RYNFIELD
Akademie

Distrik Wiskunde Olimpiade

Bale geluk aan die volgende leerders wat Laerskool Rynfield verteenwoordig het:

Richard Montinaro
Stéfán van der Merwe
Nico van der Westhuizen
Hendré van der Westhuizen



RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD



KOSKAS:

Die pakkies wat moet uitgaan na die gesinne wat hulp vanaf die skool ontvang kort asseblief **DRINGEND** die volgende produkte:

1. Tee & Koffie
2. Suiker
3. Mieliemeel (Maize)
4. Sojaprodukte
5. Blikkies vleis, vis
6. Koekies seep
7. Tissues
8. Reukweerder (onderarm)
9. Rys
10. Langlewe melk
- 11.



Enige hulp sal opreg waardeer word!
Handig asseblief by die registerpersoneel in.

Groete, Juf. Barbara





KLEUTERSKOOI

LAERSKOOI RYNFIELD



Die Gr.000-, Gr.00- en Gr.R-maats van
Rynfield Kleuterskool bied aan:
Rondomtaliesirkus
'n Operette geskryf deur Santjie Hofmeyr
Kaartjieverkope open
Maandag
11 Augustus 2025
R80 p.persoon
Kaartjies is SLEGS beskikbaar
op die Karri-toep.
GEEN kaartjies word deur
juffroues of by die kantoer
verkoop nie!

**Lekkerbek-
Vrydag!**
Baie dankie aan al ons maats vir die bederf!
Dit was smulkekker!

"Vrydag is my dag, want dis...."
**Lekkerbek-
Vrydag!"**
Baie dankie aan al ons maats vir die bederf!
Dit was smulkekker!



RYNIENUUS

LAERSKOO RYNFIELD



LANDLOOP:



LAERSKOO RYNFIELD

*Landloop
Groter Benoni*

JUNIORS

Seuns

WJ Pretorius
Brian Venter
Lian Oosthuizen
Handré Groenwald
Kayden Roets
André Klingenberg
Lorenzo Figoli
Declan van Wyk
Hendrik Meyer
Enzo Matthews
Ulrich Nel
Jordan Jurgens
MJ du Plessis

Dogters

Karmi Loots
Zaria van Wyk
Milea Duvenage
Dwané Atterbury
Bianke-Mari Potgieter
Charulé Dippenaar
Mila Nel
Mia Wolmarans
Daniella Potgieter
Kaylee Naude
Kyla van Deventer
Kelby Hills

SENIORS

Seuns

Liam Havenga
Luke Pretorius
Malan Jansen
Logan Bauscher
Waldo Grobler
Malan Jv Vuuren
Luan v Nieuwenhuizen

Julian Gouws
Hercules Jv Vuuren
Christian Parker

Dogters

Nadia Myburgh
Milea du Plessis
Mataya vd Merwe
Siena Matthews
Inke Rall
Sky van der Merwe

Avah Brownlie
Chanté Engel
Lea Klingenberg
Janke van Rooyen
Suzelle Booyens
Zenieka Gissing
Kiara Kukard
Julienne Raysdorf
Karlien Scheepers
Kayla Botha
Dainey Hamman
Nicola Wessels
Leané Wessels
Leanay Nel
Leané Mulder
Lea Minnaar
Mika Hamman

Let asseblief
op dat die
program
verander
het!



RYNIES

LANDLOOP - GROTER BENONI

SLEGS DIE ATLETE WAT IN LIGA 2 ONDER DIE TOP 35 GEËINDIG HET

MAANDAG
11 AUGUSTUS 2025

THE PARKS

ATLETE MOET 30 MIN
VOOR DIE TYD
AANMELD
(SIEN PROGRAM)

DRAG:
ATLETIEK/RYNIEDRAG
MET KOUSE EN TEKKIES

Program:

THE ROUTE MAY BE WALKED FROM 12:30 TO
FAMILIARISE YOURSELF BEFORE THE START OF THE
EVENT.

AGE GROUP	TIME	DISTANCE
U/7 GIRLS	13:00	1KM
U/7 BOYS	13:08	
U/8 GIRLS	13:16	1KM
U/8 BOYS	13:24	
U/9 GIRLS	13:32	2KM
U/9 BOYS	13:42	
U/10 GIRLS	13:52	2KM
U/10 BOYS	14:02	
U/11 GIRLS	14:12	3KM
U/11 BOYS	14:22	
U/12 GIRLS	14:32	3KM
U/12 BOYS	14:42	
U/13 GIRLS	14:52	3KM
U/13 BOYS	15:02	4KM



RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



TENNIS:

Rynfield se A1 Span Tennis seuns het 40-16 gewen teen Van Riebeeck Park gewen en oók 40-16 teen Laerskool Impala gewen.



MINI-TENNIS ONTWIKKELING

VIR DIE GR 1-3 LEERDERS WIE GRAAG TENNIS WIL BEGIN SPEEL

WOENSDAG 13 AUGUSTUS 2025
13:30 - 14:15
OP DIE JUNIOR AANTREEBLAD

VIR ENIGE ANDER NAVRAE IS U MEER AS WELKOM OM N BOODSKAP BY ONTVANGS TE LOS.
JUFFROU SAL DAN TERUGKOM NA U TOE.

VLNR: Eben Duvenage; Conrad Hoffmann; Luther du Randt; Hein Hoffmann.

CHEERLEADING & POM-POMS:

Ons proewe is nou afgehandel. Baie dankie aan almal wat deelgeneem het. Spanne is reeds verlede week aangekondig. Groepe is ook reeds gestig. Alle inligting word ook op die groepe gekommunikeer. Enige navrae kontak gerus vir Juf. Bianca Greef. Hiermee ook dan die datums vir 2025/2026.

Ons sien uit na 'n lekker seisoen!

Oefen Dae en Tye:

Cheer	Pom-poms
Maandae: 16h30-17h45	Maandae: 15h00-16h30
Donderdae: 16h00-18h00	Donderdae: 15h30-16h30

Kompetisie datums 2026 Seisoen

- 7 Maart
- 28 Maart
- 18 April
- 16 Mei - Provinsiale Kampioenskappe
- 4 Julie - Nasionale Kampioenskappe

Verpligtende naweek/vakansie oefening:

- Sat, 28 Februarie 2026
- Sat, 21 Maart 2026
- Sat, 11 April 2026
- Sat, 9 Mei 2026
- Sat, 27 Junie 2026
- SA's/Nasionale Kampioenskappe "Hell Week" Maandag 29 Junie 2026 - Donderdag 2 Julie 2026

Belangrike opkomende datums:

- 13 September 2025 - "FDDCMSA Provincial Colours Trials" vir bestaande atlete wat in 2025 aan SA's deelgeneem het.
- 6 Desember 2025 Showcase!
- 7 Desember 2025 Prize-giving
- 8 Desember 2025 Kersfees partytjie - laaste oefening vir 2025
- 15 Januarie 2026 1ste oefening van 2026!
- 27 Junie 2026 ""Good-Luck etc""



RYNIENUUS



LAERSKOOLO RYNFIELD

GHOLF:

Ons is baie trots op hierdie seuns. Hulle het hulle harte uit gespeel en ons het ongelooflike goeie gholf gesien. Hierdie seuns het die Kaap van storms behoorlik aangedurf en die telling het in ons guns gewys. Ongelukkig het moeder natuur die spel kortgeknip en die toernooi is gekanseleer a.g.v. die ongunste weer.



VLNR: Josh van Staden; Sion Koen; Sion Atterbury; Daniel Klein.



HOKKIE:



LAERSKOOLO RYNFIELD

HOKKIE SEUNS

VS

Laerskool Impafa

0/11 - Verloor
Eerstes - Verloor





LAERSKOOLO RYNFIELD

HOKKIE UITSLAE

VS

Farrarmere Primary



0/10 A	-	WEN
0/10 B	-	WEN
0/11 A	-	WEN
0/11 B	-	WEN
0/12	-	WEN
Eerstes	-	WEN



RYNIENUUS

LAERSKOOI RYNFIELD



KULTUUR:

DEBAT:

Baie sterkte aan die 7 debatspanne wat eerskomende Vrydag en Saterdag, 8 & 9 Augustus by Hoërskool Garsfontein optree in hul eerste liga rondte.

Baie sterkte julle!

Ek weet julle is voorslag debateerders! Baie dankie aan Juf. Juazelle en Lea wat Saterdag, 2 Augustus die “mock” debat as oefening gereël het.

Dit was ‘n uitstekende leergeleetheid vir die spanne.

‘n Spesiale woord van dank aan oud-Rynie, Miné Jordaan, wat haar kennis met die debatspanne kom deel het. Ons waardeer jou!

Die spanne is:

Rynfield 1- Lisa Kruger en Michael Nagel

Rynfield 2- Carmi Kruger en Hein Hoffmann

Rynfield 3- Cara-Lynn Myburgh en Leanay Nel

Rynfield 4 - Luther Du Randt en Hendré Van der Westhuizen

Rynfield 5 - Callum Craig en Vené Kriel,

Rynfield 6 -Keira Engelbrecht en Alana Du Toit

Rynfield 7 - Julian Gouws en Caitlyn Havenga

AFRIKAANSE REDENAARS:

Die graad 6 span van Vené Kriel, Hein Hoffmann, Hendré van der Westhuizen en Cara-Lynn Myburgh is deur na die Landsfinale rondte vir eksperimentele redenaars by die Radikale Redenaars.





RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



KOOR:

Baie sterkte aan beide kore vir hul kunswedstryd optredes wat nou begin. Maak asseblief seker dat ALLE oefeninge bygewoon word. Let op na die prysuitdelingsbeleid met betrekking tot toekennings indien die kind afwesig was.



Hein Hoffmann gaan ook deur na die landsfinaal vir sy "Individual Public Speaking" by Radikaal.

Ek is supertrots op julle almal!

Kultuurgroete, Juf Barbara

REVUE:



REVUE OEFENING

Maandag, 11 Augustus
Plek: Skoolsaal
 Gr. 6: 15:00 - 16:30
 Gr. 7: 16:30 - 18:00

Maandag, 18 Augustus
Plek: Junior Aantreeblad
 Gr. 4: 15:00 - 16:30
 Gr. 5: 16:30 - 18:00

Plek: Skoolsaal
 Gr. 6: 15:00 - 16:30
 Gr. 7: 16:30 - 18:00



KASKARRE

LAERSKOOI RYNFIELD



DIE KLAS IN ELKE GRAAD
WAT DIE MEESTE GELD
HIERDIE WEEK
INGESAMEL HET, KAN
VRYDAG (8 AUGUSTUS),
GEWONE KLERE AANTREK.
HIERDIE WEEK SE TEMA IS:

SUPERHEROES!

KOMPETISIE EINDIG ELKE DONDERDAG 08:00.



NASKOOL

LAERSKOOLO RYNFIELD



Kleretrollie:

Loer asseblief vir enige verlore items.

Die trollie sal Woensdag, 13 Augustus leeggemaak word.

Finansies:

State word eersdaag uitgestuur, hou asseblief u rekening op datum.



SPYSKAART - NASKOOL:

Maandag, 11/8: Macaroni & Kaas

Dinsdag, 12/8: Pasteie

Woensdag, 13/8: "Hot-dogs"

Donderdag, 14/8: Kouevleis broodjies

Vrydag, 15/8: Slap Chips & worsie

- Elke dag vrugte en sap

SPYSKAART - SNOEPIE:

Maandag, 11/8: "Toasties"

Dinsdag, 12/8: "Hot-dogs"

Woensdag, 13/8: Pasteie

Donderdag, 14/8: "Footlongs"

Vrydag, 15/8: Nuwe snoepie heropen!



TEN SLOTTE

LAERSKOOLO RYNFIELD



Daar is twee tipes geskenke
wat ons ons kinders moet
gee:
diepgewortelde waardes en
die vlerke om te vlieg



W JANSE VAN RENSBURG
SKOOLHOOF



ADVERTENSIES



LAERSKOOl RYNFIELD



Skryf nou in!

Al die spelers word ingedeel in klein groepe om genoeg aandag aan elke speler te bied.

oefeninge sluit in:

- Kondisionering
- Hantering
- Verdediging
- Skopvaardighede

**Kontak Mnr. Michael
vir
meer
inligting!**

**Oefeninge is elke Vrydag middag na skool.
R 300 per maand**

Ons fokus op oefening wat die spelers ontwikkel en beter rugbyspelers maak wanneer hulle by "grootveld rugby" kom.



ADVERTENSIES



LAERSKOOOL RYNFIELD

ACE IT TUTORING

Werk hard vandag vir n beter more

Ekstra klasse wat ons aanbied:

- Afrikaans en Engels (GR R-12)
- Wiskunde (GR R-12)
- Ander vakke (GR 4-12)

Lesse Kan in Afrikaans en Engels gegee word

**Maandae - Vrydae
(14:00-18:00)**

Waar om ons te vind:

71 Glen gory rd, Norton Home estates, Benoni north

Kontak ons:

Lucy: 066 258 9167
robbertze68@gmail.com



ADVERTENSIES



LAERSKOOOL RYNFIELD



Cartridge Zone







**Shop 46
Oakfields Centre
011 425 2218**

**Printer Cartridges & Toners
@ Factory Prices!!**

cartridgezoneho@gmail.comwww.cartridge-zone.co.za



ADVERTENSIES



LAERSKOOl RYNFIELD

— Discover —
**The Sweetness
of Nature**

Visit our Highveld Honey Farm Shop at 186 Uys Street,
Benoni for the finest Farm Fresh Honey.

Open Monday to Friday 8:00am - 5:00pm
& Saturday 8am - 1:00pm

100% Pure and Natural Raw Honey
Locally Produced by Our Own Bees
Rich in Flavour

www.highveldhoney.co.za 011 849 1990 @highveldhoneyfarms



ADVERTENSIES



LAERSKOOOL RYNFIELD



National Women's Day: 9thAUG, 10:00-14:00

Ladies bring your kiddos to Carnival Kidz Party Venue, while you sit back, unwind, and enjoy some well-deserved me-time. We've got the fun covered with 7 carnival rides and a obstacle course.

Special Deal:

- Kids (R230): Unlimited rides, popcorn and slush
- Adults (R35): Choose from coffee, soda, or cider



Bookings Essential

carnivalkidz@happyland.co.za

More info 082 863 6466 Make a booking